

## CURRICULUM VITAE

### GEBOORTE:

23 Julie 1922. Bethlehem, O.V.S.

### OPVOEDING:

Matrikulasie. Sentrale Hoërskool, Bloemfontein. 1940

Onderstaande professionele diplomas van Unisa in 1942:

Voordraers Lissensiaat in Klavier  
Voordraers Lissensiaat in Orrel  
Onderwysers Lissensiaat in Klavier

Universiteit Kaapstad in 1947:

Voordraers Diploma in Klavier.

Harvard Universiteit, Cambridge, Mass in 1955:

M.A. in musiekwetenskap.

### TOEKENNINGS:

Fulbright stipendium vir verdere studie oorsee in 1953. Eerste Suid-Afrikaanse toekenning.

Margaret Crofts beurs vir studie in komposisie onder Aaron Copland te Tanglewood, 'n somerskool wat deur die Bostonse simfonie-orke in stand gehou word. 1954.

G. Arthur Knight prys vir die beste komposisie deur 'n Harvard student. (Klaviertrio) 1954.

New York Bohemian prys. (Cello sonate) 1955.

Stipendium om my fluitstudies onder leidng van J. Pappoutsakis van die Bostonse simfonie-orke voort te sit in die Longy musiekskool, Cambridge, Mass. 1953.

Outstanding Educators of America Award, toegeken in Februarie 1972.

SAMRO toekenning vir die voltooiing en publikasie van 'n musiek-bloemlesing met bykomstige teks getiteld: „Styl en Literatuur,” vir eventuele gebruik in sekondere en tersiere onderwys. 1972.

### OPDRAGTE:

Van Riebeeck Drie-Eeuefees:

Trio vir viool, cello en klavier. 1952.

S.A.U.K.:

Sinfonia Concertante 1955.

Vioolkonsert 1959.

Simfonie 1962.

Bykomstige musiek tot N.P. van Wyk Louw se radiodrama:  
„Die Dagboek van 'n Soldaat.” 1963.

Peabody Dansdepartement:

„Alice in Wonderland,” 'n danssuite. 1959.

Belgiese Radio:

Partita vir Orkes 1964.

Verskeie kleinere werke aangevra deur individue in die V.S.A.  
1964 - 1971.



Ek is een van die vier komponiste wat onlangs deur die Departement van Nasionale Opvoeding uitgenooi is om 'n skema vir 'n opera vir goekeuring voor te lê, met die oog op 'n eventuele opdrag.

BELANGRIKE UITVOERINGS VAN GROTER WERKE:

Internasionale Genootskap vir die Bevordering van Hedendaagse Musiek Salzburg, 1953: (Eerste Suid-Afrikaanse verteenwoordiging)

Klaviermusiek

National Galery-orkester te Washington D.C. 1952:

Elegie, uit Rakamusiek.

Northern California Harpists Association 1952:

Kwintet vir harp, fluit, hobo, altviol en basklarinet

Creative Guild konsertreeks te Cambridge, 1954:

Sonate vir Fluit en Klavier.

Guildhall konsertreeks, Londen 1954:

Harpkwintet.

Simfonie-orkester van Radio Brussels 1964:

Partita vir orkester.

Cincinnati simfonie-orkester, dirigeer deur Max Rudolph 1966:

Simfonie.

Baltimore simfonie-orkester, met Gabriel Banat as solis 1966:

Violkonsert.

S.A.U.K. konsertreeks met Pierre Rampal, Franse fluitis 1968:

Sonate vir fluit en klavier.

American Guild of Organists in Baltimore en ook in Arlington (Virginia) in 1962, 1964, 1970 en 1972:

Cantata Profana.

S.A.U.K. Orkester:

Talryke saaluitvoerings en opnames.

Kaapstadse simfonie-orkester: (onder leiding van E. Jorda) 1952:

Elegie.

ONDERWYS ONDERVINDING:

Junior dosent, Universiteit Kaapstad 1950 - 1953. Proefnemings om Barok-onderrigsmetodes op jong kinders toe te pas.

Plaasvervanger vir Prof. Paul Nordoff, Amerikaanse komponis, aan die progressiewe en eksperimentale Bard College, New York. 1955- 1956.

Dosent in teorie en komposisie-leer aan die wereld-bekende Peabody Institute, Baltimore, en sedert 1966, voorsitter van my departement. 1956 - 1971.

Waarnemende senior dosent aan die P.U.K. 1960 (een semester) en ook aan die Universiteit Kaapstad 1961 (eensemester).

Waarnemende senior dosent aan die Universiteit Kaapstad 1972.



ONDERVINDING AS UITVOERENDE MUSIKUS:

1. As pianis: Ek was aktief as solo-pianis en ook as solis met orkes en begeleier in die programme van die S.A.U.K. en ook in private hoedanigheid.
2. As orrelis: Ek was as orrelis werksaam sedert 17 jarige ouderdom in verskillende kerke hier ter lande en ook oorsee. In die stad Baltimore was ek tien jaar lank verbonde aan een van die groot kerke as orrelis en koormeester in watter hoedanigheid ek verantwoordelik was vir die uitvoering van meesterwerke vanaf 1450 tot die twintigste eeu, gesing in die oorspronklike tale, en begelei deur orkesinstrumente (waar verlang).
3. As fluitis en blokfluitis: Ek was werksaam as tweede fluitis in die Concordorkes — 'n uitstekende amateurorkes gedurende die jare 1954- 1955. As blokfluitis was ek aktief in my eie uitvoerings van musiek uit die Barok- en vroeër tydperke en ook in die uitvoerings van die Baltimore Chamber Opera Society van operas van Monteverdi en Händel 1966- 1967.
4. As dirigent: Ek was die stigter en dirigent en algemene afri-ter van die Baltimore Pro Musica Rara groep, wat spesialiseer het in die uitvoering van vergete meesterwerke uit die Renaissance, Barok en Vroeë Klassiek. Spesiale aandag is gegee aan Bach Kerkkantates, o.m. nommers 15, 17, 19, 32, 49, 51, 84, 106, 116, 117, 130, 133, 151, 152, 182, 189. In Kaapstad was ek die stigter en dirigent van die studentegroep: Kamerata en ons doelstelling was presies dieselfde as bostaande groep.

REFERATE, ARTIKELS EN ANDER AKTIWITEITE:

Olivier Messiaen, a unique Phenomenon in Western Music, 'n referaat gelewer ter geleentheid van die nasionale kongres van die American Guild of Organists, Baltimore, 1962.

'n Demonstrasie van geïmproviseerde Barokornamentasietegniek op die klawesimbel en blokfluit gegee by geleentheid van 'n byeenkoms van die Maryland Musiekonderwysersvereniging 1963.

Articulation Problems in the Keyboard Music of J.S.Bach with suggested Solutions, 'n referaat gelewer tydens die somerskool van die Peabody Instituut. Met demonstrasies. Julie 1964.

Norms in Form, a discussion of the unchangability of basic structural norms and the problems in form control in some late 20th century styles, 'n referaat gelewer tydens die jaarlikse kongres van die Maryland-tak van die Association of University Composers, Mei 1971.

'n Geïllustreerde lesing oor die aard van geïmproviseerde ornamentiek in Barok opera-arias, gelewer vir die Peabody Opera-departement Mei 1970.

Die Moderne Komponis en sy Tydgenote, 'n artikel in Standpunte.  
Probleme van die Suid-Afrikaanse Komponis, 'n artikel in Standpunte.

The Phenomenon of the Downbeat, 'n studie van metries-ritmiese onreelmatigheide in die werke van komponiste vanaf Joh. Seb. Bach tot Brahms. Ongepubliseerd.